Die Tradisionele Boeremusiekklub

Posbus 17442
Bainsvlei
9338

Geagte lid

In hierdie tye van verandering kan u opmerk dat ook in ons Klub veranderinge plaasvind. Die Transvalers is nou uitgeput van al die harde werk oor 'n hele klompie jare. Nou moes ons ou Vrystaters tot die redding kom om te verseker dat ons lede ingelig bly. Die skrywers van hierdie nuusbrief is by name Fred Nelson en Jasper Vlok. Ons noem hierdie eerste skrywe net 'n nuusbrief, maar sal nog dink aan 'n gepaste naam. Dalk kan u ons in hierdie verband help. Skryf gerus aan ons by bogenoemde adres.

Die amptelike nuusbrief "Opskommel" sal nog een maal per jaar, met al sy pragtige inhoud, verskyn.

Die volgende punte is op hierdie stadium vir almal van belang :

Punt 1 = Funksies van Takke :

1.1 Pretoria

Datums	:	6 Maart 1993	Esselen Park Ontspanningsaal Kempton Park
		29 Mei 1993	Esselen Park Ontspanningsaal Kempton Park
		28 Augustus 1993	Esselen Park Ontspanningsaal Kempton Park

1.2 T B K Jaarvergadering

30 Oktober 1993 Esselenpark Ontspanningsaal Kempton Park

1.3 Pietersburg

Datums	:	27 Maart 1993	Landsdienskamp Pietersburg
		15 Mei 1993	Landsdienskamp Pietersburg = Tak Jaarvergadering

Ander datums word later bekend gemaak.

1.4 Bloemfontein

Datums	:	24 April 1993	Fichardtsaal Skougronde = Tak Jaarvergadering
		14 Augustus 1993	Fichardtsaal Skougronde

1.5 Hartswater

Sal later bekend gemaak word.

Indien daar enige verandering in bogenoemde inligting mag voorkom, sal u betyds deur die verskillende takke ingelig word.

Punt 2/ ...

Punt 2 : Algemene Nuusbrokkies :

2.1 Die Oudag Boere Orkes vertrek op 24 Februarie 1993 na Zurich vir 'n Tradisionele Volksmusiekaand. Baie geluk met die uitnodiging en sukses word hulle toegewens. Moenie bekommer nie; hulle is op 6 Maart weer op hulle pos, te Kempton Park.

2.2 Oom Piet Bester se tweede boek oor Boeremusiek verskyn die einde Julie 1993. Die eerste boek is beskikbaar by Gerda du Plessis teen R 55.00 (tel. (012) 548 0956)

2.3 Die lys van plate en kassette wat hieronder volg, is ook beskikbaar by Gerda du Plessis by bogenoemde telefoonnommer :

Die Vier Transvalers Vol II	Slegs plate
Die Ses Hartbrekers Vol I	Slegs plate
Die Lydenburg Vastrappers	Slegs plate
Oom Jan Visser	Slegs plate
Die Baanbrekers	Plate en kassette
Die Vier Springbokke Vol I	Plate en kassette
Die Vier Springbokke Vol II	Plate en kassette
Die Vyf Vastrappers Vol II	Plate en kassette
Silver de Lange se Vyf Dagbrekers Vol III	Plate en kassette
Die Vyf Vastrappers en Buys se kêrels	Plate en kassette
Die Vier Hugenote Vol I	Slegs plate
Die Voortrekker Danskwartet	Plate en kassette
Die Hoogekraal Orkes en die Vier Fouries	Plate en kassette
Die Ses Hartbrekers en die Vier Hugenote Vol II	Plate en kassette

Ander Tradisionele Boeremusiek deur huidige orkeste :

Dit kom van ver af	Die Vyf Namakwalanders	Slegs kassette
So speel Stephaan	Oudag Boere orkes	Slegs plate
Die Oudag Boere Orkes		Plate en kassette
Hannes Schoeman en sy Tutuka orkes		Slegs plate
So speel Hannes Schoeman Tradisionle Boeremusiek		Slegs plate
Namakwaland	Platjie Lombaard	Slegs plate
Potjiekos (herdruk)		Slegs plate
T B K = Tien goue Jare		Plate en kassette
Gerhard Meyer en sy Werda Boere Orkes		Slegs plate
Erfgoed	Lede van die T B K	Slegs plate
Oom Boet Steyn en sy Seuns (Dubbel Album)		Plate en kassette

Die koste is R 35.00 per plaat en R 33.00 per kasset.
K.B.A. Bestellings kan ongelukkig nie uitgevoer word nie. Die Dubbel Album van Oom Boet Steyn kos R 50.00 vir die plate en R 46.00 vir die kasset

2.4 Sakwapens en Dasse

Ook beskikbaar by Gerda du Plessis : Sakwapens R 40.00 en Dasse R 35.00

2.5 Ledegeld

Beloop R 20.00 per jaar. Stuur asseblief ledegeld vroegtydig aan :
S van Zyl
Posbus 55549
Arcadia
0007

Verjaardae/ ...

2.6 Verjaardae

Ons wil graag ons lede gelukwens met die herdenking van hulle geboortedae, maar by sommige ontbreek hierdie gegewens.
Stuur asseblief u datums aan Mnr T Adams, Bruarfossweg 80, Valhalla, 0185. Hy sal die inligting vir ons op rekenaar sit.

2.7 Uitnodiging

Indien enige lid enige wenk of inligting het vir ander lede of takke, laat hoor gerus van julle.

Opregte Vrystaatse Boeremusiek Groete

Fred & Jasper

ns. Datum : 6 Maart 1993 PTA Tak
Plek : Esselenpark Ontspanningsaal Kempton Park
Tyd : 13h00 tot 24h00

Eet & Drinkgoed

Bring & Braai = Pap & Sous en braaivure word voorsien. Bring eie eetgerei.
Kontantkroeg beskikbaar. Geen gebottelde drank word toegelaat nie.

Toegangsgeld :

Lede	:	R 25.00 per paar
		R 12.50 enkel
Nie Lede	:	R 35.00 per paar
		R 17.50 enkel

Bring gerus u vriende sodat ons van hierdie funksie iets groots en moois kan maak.